


HBK Nuus / News

No. 25-02 | 23 April 2025



Benchmark is set - now for the second curve!

Standing on the balcony inside the Afridome just before the start of the National Female Animal Sale, with a birdseye view of what was about to happen made one feel proud, but also humble. For a moment it would have been great to have Prof Jan Bonsma at the same spot, just to see his facial expression. By far the largest cattle breed in South Africa, Bonsmara is setting benchmarks on various aspects of beef farming.

A long-term vision, leadership, breeder dedication, excellent management and diligent administration are now bearing fruit. But, this does not mean resting on our laurels. The author Charles Handy in his book *The Second Curve: Thoughts in Reinventing Society*, encourages change when business is good and motivation is high. Obviously, change for the sake of changing can be very damaging. I wonder what Prof Jan would have said?

The question to the HBK members is, "How can we contribute to the second curve?"

This issue of the HBK News is full of events and stories. Please read and give your feedback, comments and suggestions.

Daan Viljoen
Interim Chairman and
Management

"Success usually comes to those who are too busy to be looking for it." Henry David Thoreau

Klub aangeleenthede / Club affairs

HBK Bestuur

Die HBK is funksioneel en gaan voort met klub aktiwiteite, reëlings en inisiatiewe.

Met die aanbeveling om voort te gaan met die HBK, ten spyte van 'n gebrek aan 'n kworum tydens die AJV, sal die huidige Bestuur, saam met die Adviesraad, voortgaan tot en met die volgende AJV waartydens die hersamestelling van 'n komitee hanteer sal word.

Die huidige HBK Bestuur bestaan uit:

Interim Voorsitter: Daan Viljoen

Bemarking: Giel Bekker

Opleiding: Vakant

Finansies en Administrasie: Evelyn Strydom

Sosiale Media: Ester Hertzog en Estelle Theron



Enige Klublid wat sou belangstel om die Opleidingsportefeulje te hanteer is welkom om Daan by 083 630 8303 te skakel.

Klublidmaatskap hernuwings sal binnekort uitgestuur word.

HBK Borge



Charl de Jager - 060 974 2944



Stephan Cronje - 082 771 4044



Wessel Prinsloo -072 127 8525

**Baie dankie aan al ons borge vir
julle ondersteuning**

Klub aangeleentheden / Club affairs

Uitseleksie vir HBK Veiling – 3 Oktober 2025


e vooraf besigtiging van die potensiele veilingsbulle het plaasgevind op 4 April by Sernick. Die leentheid was bygewoon deur 20 mense waarvan heelparty nie eers telers was wat bulle op die eiling gaan hê nie.

Totaal van 31 bulle word tans voorberei vir die veiling en hulle vordering sal dopgehou word om die wakende oog van James Allen Jnr.

root waardering vir Benjamin Bosch en Paul Maré wat die geleentheid leersaam aangebied het. Al het ons koppe laat krap. Dankie ook aan Sernick vir die gasvryheid en omsien na die diere.

Case C Inname 2025 – Toets 7 en 8

It is aangenaam om aan te kondig dat hierdie jaar twee Fase C innames vir die HBK beskikbaar is. **Toets 7** sal in aanvang neem op **07 Mei 2025** en **Toets 8** op **08 Junie 2025**. Inskrywings sal deur e-pos vrywillig uitgestuur word.



Die HBK Veiling is baie belangrik. Dit gee nuwe en kleiner telers die geleentheid om hulle bulle ten voordeel te stel, asook gevestigde telers om deel te neem aan 'n unieke veiling. Meeste van die bulle is afgeslag van gevestigde kuddes en jaar op jaar is die kwaliteit uitsonderlik.

Kakel asseblief vir James Allen by 082 370 7553 vir meer besonderhede.

Boeredae / Farmers' Days / Letsatsi la Balemi

Mei en Junie is bedrywige boeredag en veilingsmaande op die HBK kalender met Julie wat ook 'n paar bymekaarkom geleenthede bied.

1 Mei – Sernick Boeredag

Op 1 Mei (Werkersdag) hou ons weer Boeredag by Sernick. Ons gaan gesels oor die politiek, die groot geraas oor grond, die weer en weervoorspellings vir 2025, en tendense in die rooivleisbedryf.

David Niemann vertel ons hoe die vleisbeesbedryf regtig werk – en hoekom ons R220 betaal vir 'n kilogram steak.

Die dag begin om 09:00 met registrasie, en ons sluit dit af met middagete ná 'n praktiese demonstrasie deur Louis Steyl van Bonsmara SA.

Bywoning is gratis en almal is welkom .



PROGRAM	09h00	Registrasie
	09h30	Opening & Verwelkoming
	09h40	Gaan onteining sonder vergoeding gebeur? - Nick Serfontein
	10h15	Wat gaan aan met die weer en hoe lyk 2025? - Johan van den Berg
	10h50	Tendense in die rooivleisbedryf - Dr Johnny van der Merwe, AMT
	11h30	Tee / koffie
	11h50	Hoe werk die vleisbeesbedryf? - David Niemann, Sernick Groep
	12h30	Ons praat beeste: Praktiese demonstrasie - Louis Steyl, Bonsmara SA
	13h15	Afsluiting & Ete

9 Julie – Hanzyl Boeredag

Tema: FIX-IT - Bou veerkragtigheid in jou boerdery!

- James Brodie deel hoe hy sy natuurlike veld herstel deur RegenAgri-beginsels toe te pas.
- Gerrit van Zyl wys hoe hy sy Bonsmara-kudde "fix" vir top prestasie op natuurlike weiding.

Moenie hierdie insiggewende dag misloop nie! Kom luister en kom kuier lekker saam.

RSVP voor 1 Julie via WhatsApp: [Gerrit](#) 083 325 3047.

Plaas Struisfontein, Dewetsdorp
10:00

Toegang is gratis.



Boeredae / Farmers' Days / Letsatsi la Balemi

Een van die HBK se doelwitte is om meer bymekaarkom geleenthede te skep vir lede oor die wydte van die klubstreek.

Dit is daarom aangenaam om solank 'n merk in die HBK dagboek te maak vir die volgende geleentheid.

17 Julie 2025

Boeredag en Opening van die Opleidingsentrum Sewe Ster Bonsmaras – Hartbeesfontein

Volgens **Stanley Dewing** is die doel om op 'n baie informele en praktiese vlak boere bymekaar te bring om kennis, ervaring, wetenskap ens. te deel op 'n interaktiewe basis. Ons wil nie hê hierdie dae moet soos 'n lesing aangebied word nie en my begeerte sal wees dat die mense regtig deelneem sodat ons bymekaar kan leer. Daar is soveel waardevolle kennis onder ons boere en wetenskaplikes wat nooit op 'n informele en praktiese manier gedeel word nie. Meeste ouens vra nooit "daai brandende vraag wat almal in alle geval wou vra nie" want hulle is bang hulle lyk stupid, maar ons gaan daai vrae vra.

Met ons opening het ons die volgende:

- Dr Danie Odendaal gaan met ons sy kennis deel aangaande sy samewerking met ZZ2 se beeskudde, asook die belang van siektes en die groot ekonomiese impak van siekte.
- Ek self gaan praat oor ons benadering rondom gras/weiding analyses oor die laaste 3 jaar en hoe dit ons geweldig gehelp het met groei en herkonsepsies sonder dat die ons meer kos.
- Prof Leon Prozesky gaan baie prakties en wetenskaplik praat oor die impak van fosfaat/mineraal tekorte wat tot Atrose in beeste lei.

Die fasiliteit is sterk in wording en die HBK sien daarna uit om Stanley en sy span te ondersteun.



S.S.B.

Meer inligting sal mettertyd deurgegee word.



Telerprofiel / Breeder profile / Mohaelisa profile

Oom Hasie Haasbroek



Oom Hasie en Tannie Helmine Haasbroek

In 1947 trek ons as familie; pa, ma, ek (6 jaar oud) en 5 susters van Vryburgdistrik van ons plaas Kleindam in die Morkaanse rante na die Molopo naby Bray. Daar word ons kaalvoet groot in 'n ongerepte leeuwêreld, met volop wild en twee swart maatjies wat deur die jaar net 'n stertriem dra.

Pa boer met Afrikanerbeeste, wat hy en oupa oor jare geselekteer het vir volop melk, in 'n veldmelkstelsel. Later kruis hy ook met Rooi Poenas en Melkkorthoring en gebruik heelwat selfgeteelde bulle waarvan die resultaat Bonsmaratipe beeste was.

Gaan skool op Bray tot vandag se graad 8 en toe Paul Roos toe op Stellenbosch vanwaar ek en my jongste suster net twee keer per jaar kon huis toe gaan. Kry my BSc Landbou met veeteelt en weiding en bietjie landbou-ekonomie en genetika in 1965.

Gedurende 1965 kry ons veetelt prof. Frans van der Merwe vir Prof Jan Bonsma om sy veeteeltfilosofie aan ons te kom verduidelik en daar maak ek kennis met Bonsmara. My pa kry oogprobleme en ek moet dadelik plaas toe om te gaan help met die boerdery. Gedurende 1966 woon ons as 'n groep beesboere 'n boeredag op Mara by en ontmoet ek my eerste Bonsmaras wat dadelik my aandag trek. In my eerste jaar op universiteit ontmoet ek my lewensmaat, Helmine Pansegrouw, nogal in ons fisika klas. Ons trou in 1967 en dieselfde jaar gaan koop ons 19 Bonsmara verse by Beestekraal uit 'n boedel van ene du Plessis vir **R65** stuk. Ons registreer ons kudde, Mokala Bonsmaras met JJ as Voorvoegsel en die Genootskap stuur vyf keurders; Gerhard en Elana Brönn, John Hutton, Carl Janovsky en Rain Gerhard vir ons eerste keuring. Hulle het met 'n Volkswagen Kewer daar aangekom: vyf groot mense in 'n kewer was nogal koddig.

Bul S62 word as SP goedgekeur en die res as Basisverse, as gevolg van ontbrekende rekords. Ons wys vir hulle ons kommersiële verse en hulle keur 30 van hulle as Basisverse goed. Wynand Basson, Verantwoordelike Beampste op Armoedsvlakte, gaan saam met my na oom Herklaas Nel waar ek twee bulle vir **R800** stuk koop en met ons aankoms by die huis met die "duur" bulle wil Helmine die stuipe kry omdat ek so baie vir die bulle betaal het. Wynand-hulle het 'n skaal van plaas tot plaas gesleep met sy bakkie omdat daar nie skale op die plase was nie. Helmine het van dag een af saam met my langs die drukgang gesit om gewigte op te skryf wanneer ons beeste weeg met twee klein kindertjies by haar in die stof.

Dis droog in 1969 en staatskoeie word op Rietvlei verkoop waar ons met 'n groot geluk 19 baie maer koeie teen **R50** stuk koop waarvan meeste dragtig was, maar bang was dat hulle dalk nie die plaas gaan haal as gevolg van hulle swak kondisie nie. Drie van hulle bulkalwers toets ons toe op Armoedsvlakte se bultoeitsstasie waar hulle goed doen en twee word goedgekeur. 'n Paar dae later hou NW Bonsmara hulle eerste veiling en ons bied die twee aan en ek belowe vir Helmine dat alles hare is wat ons meer as R1000 per bul kry. Tot ons groot vreugde kry ons **R2000** vir een, wat saam met Dok Badenhorst, die hoogste prys op die veiling was en **R1100** vir die ander een. Sy sê toe egter dat sy nie so baie geld wil hê nie, en net 'n wasmasjien wil koop wat toe R250 kos. My eerste ondervinding as Junior Keurder was saam met oom Herklaas Nel, terwyl ons vir amper twee weke in Noord Transvaal getoer het en daar keuring by al die ouer kuddes gedoen het en honderde beeste deurgewerk het. Oom Herklaas het my gewaarsku om my uit te vars omdat ons elke aand vars opponente gaan hê om mee saam te kuier.

In Januarie 1979 kry ek 'n brief van die Bonsmara Genootskap wat bevestig dat ek as 'n Senior Keurder aangestel is op 22 Januarie 1979.

Omdat fondse beperk was om bulle te koop, het ek redelik baie van KI gebruik gemaak en al semen beskikbaar was net die van staatsbulle. Tom Markram wat dragtigheidsondersoeke en KI gedoen het was my KI leermeester en ek lei toe vir Badan Sekate, 'n baie jong Veewagter, self op. Hy was lief vir die beeste en het elke bees en sy voorgeslagte geken. Omdat hy 'n baie goeie waarnemingsvermoë gehad het, geduldig was, saggies met die beeste gewerk het en die KI beginsels noukeurig toegepas het was hy baie suksesvol. Sy beste was 52 koeie geïnsemineer met 48 wat gekalf het.

Telerprofiel / Breeder profile / Mohaelisa profile

Oom Hasie Haasbroek



Mnr. Hasie Haasbroek en sy veewagter-bestuurder, mnr. Badan Sekate, met die Land Bank-wisseltrofee vir die bul wat elke jaar die hoogste prys op die nasionale Bonsmara-veiling behaal.

In 1973 word Helmine as Sekretaresse van NW Bonsmaraklub gekies en doen diens vir 17 jaar. Ek was ook van 1982 af vir 11 jaar klubvoorsitter. In 1984 toer ek en Helmine saam met Bonsmara vir drie weke VSA, Brasilië en Argentinië wat natuurlik 'n ongelooflike en leersame ondervinding was saam met mede-Bonsmaraboere. Met ons tuiskoms besef ek dat ek moet beeste verminder, want anders gaan ons beeste verloor omdat daar nie weiding is nie. Op 23 April 1985 hou ons 'n verminderingsveiling agv drie jaar se min reën en Junie trek ons met al ons beeste na staatsplaas in Bophuthatswana, halfpad Vryburg toe. Daar is die water min en diep. Ons bly vir 9 maande in 'n klein tentjie met 'n groot misvloerlapa aan sy voorkant en toe elf maande in 'n eenvertrekrondawel ook met 'n misvloer, wat ek self gebou het.

Gedurende Desember kry 'n bees net een kans om dik te drink dan moet hy na ander kraal, want anders is die water op voor almal gedrink het. Omdat al die koeie elke dag kraal toe kom, gebruik ek toe 'n 15 maande oue bulletjie uit 'n bul wat ek by Dok Badenhorst gekoop het en doen ons handdekking met hom. Hy dek 'n koei net eenkeer en dan gaan sy uit terwyl hy die volgende koei soek om te dek. Op die manier het ons 127 kalwers van hom aangekry in 4 maande.

Ons seun Joof sterf daar in 'n ongeluk 'n dag voor sy 17e verjaarsdag gedurende Desember 1986.

Die weiding raak daar ook min en ons kry die plaas Friesland naby Louwna te huur en trek die beeste die 70km te voet soontoe in 1987. Kort voor lank kry ons die plaas gekoop en verkoop ons Molopoplaas.

Nou bly ons net 80km van Vryburg terwyl dit by Bray 270km was, maar dit was ook ons naaste dorp. Op Friesland met heelwat aangeplante weiding boer ons op 2500ha met dieselfde hoeveelheid koeie as in die Molopo op 10000ha. Voor ons trek met ons beeste uit die Molopo was ek deel van die stigting van Genepoel waar ons sandveldkoeie uitgekryt was vir langkloubeeste met hulle aankoms in Reivilo. Na drie maande op die klipveld lyk ons koeie se kloue egter toe net soos al die ander. Hier het ons gesien dat 'n teler in die sandwêreld werklik kan selekteer vir goeie kloue terwyl jy op die klipveld nie werklik weet of daar klouprobleme in jou kudde is nie. Op Friesland was toestande veel beter vir stoetteling.



Mnr. Hasie en mev. Helmine Haasbroek in die plaaskantoor. Die egpaar bedryf die boerdery as 'n hegte span. Mev. Haasbroek konsentreer op die finansiële bestuur en die instandhouding van die boerdery se elektroniese databasis.

Telerprofiel / Breeder profile / Mohaelisa profile

Oom Hasie Haasbroek

Ons het goed van KI gebruik gemaak, maar ook twee AG bulle wat ek tweedehands gekoop het, het 'n baie sterk invloed op kuddeverbetering teweeg gebring. AG91-212 het ek by Wynand Bester gekoop en hy het uitstaande vroulike nageslag met amper te veel melk geteel, maar diere met pragtige konformasie. AG K84 het ek by die Tantes gekoop. 'n Bul met van die beste kloue denkbaar, wat ek tot op 13 jaar gebruik het. Hy was 'n toonbeeld van manlikheid, breedte, toplyn en goeie bene. Tydens die Jaarlikse Nasionale Veiling in 2003 behaal ons bul JJ00-79 die Nasionale Rekordprys van R85000 wat vir ons natuurlik absoluut die kersie op die koek was van ons teling. Dit was kort nadat teelwaardes in gebruik geneem is en hy goeie groei gehad met 'n sterk familiegeskiedenis van bo-gemiddelde melksyfer. En natuurlik was hy 'n mooi bul!



JJ 00-79

Ek het van dag een af aandag gegee aan koeivrugbaarheid, mediumgrootte diere, redelike goeie groei en matige geboortemassa. Goeie kloue was natuurlik van meet ononderhandelbaar, veral omdat Bray Kalaharisandwêreld was. Vroulike diere moet baie vroulik, diep en dik wees met al fyner detail. Bulle moet baie sterk manlik wees met goeie, maar nie te dik bene nie en goeie hakke. Testis natuurlik so na aan perfek en groot genoeg. 'n Lang dik stert by alle Bonsmaras is 'n moet vir my.

'n Bonsmaraboer moet natuurlik eerstens 'n grasboer wees en baie goed onderleg wees in baie goeie weidingsbestuur om sy diere se volle potensiaal na vore te kan bring. As ek vandag sou begin sal ek die mooiste golden oldies aankoop, omdat hulle al bewys het wat in hulle steek. Dan is daar natuurlik vandag soveel mooier en beter bulle om van te kies.

As ek die vordering van ons Bonsmara moet beskryf sou ek sê dat FENOMENAAL nie beskrywend genoeg is nie.

BOER MET 'N PLAN
Nog 'n inskrywing in Landbou-
wêreld se kompetisie vir
boerplanne wat werk. Slagwye
kontantpryse en oorsese reise
is op die spel en die winners
word gereeld aangekondig.

Deur CHRIS JOOSTE
jooste@landbou.com

Deur turksvylblaai pleks
van duur winterlekkie aan
sy beeste te gee, bespaar
'n beesboer heelwat geld.
Met dieselfde resep, wat hy
as kind by 'n Kalahariboer
geleer het, behaal hy ook
sukses in droogtes.

Turksvylblaai as byvoeding het 'n
laserende werking. Dit laat beeste
in die winter meer gras vreet. Tur-
seldertyd kry die diere gratis natuurlike
voedingstowwe.

Mr. Hasie Haasbroek van die plaas
Friedland, Vryburg, het sowat twee sei-
sone gelede begin om turksvylblaai lyn
te kap en aan sy Bonsmaras stoeldiere te
voer. Dit is 'n praktyk wat hy as kind by
'n Kalahariboer geleer het. Die boer se
beeste was elke jaar ná die winter in die
slechte kondisie as diere wat deur winter-
lakke gekry het.

Enne die dag nadat hy die gekapte
turksvylblaai die eerste keer vir sy diere ge-
voer het, het hulle spontaan meer begin
vreet. Dit was 'n aanduiding dat die turksvyl-
blaai diere se voer-darvrouke verbeter deur
die spyermenging vinniger te maak. "Hulle
kon dus meer gras souse. Die mis lyk
soos somers."

Sedertdien word geen winterlakke meer
gegee nie. Die enigste byvoeding wat die
(Na bl. 30)

Goedkoop roete na top-kondisie

BO: Mr. Hasie Haasbroek wys hoe die turksvylblaai ge-
kap word. Die turksvylblaai is 'n baie goedkoop
voer wat diere se kondisie verbeter.

LINKS: BO: Mr. James Mongale kerk turksvylblaai met
'n ou koeier wat met 'n elektriese motor toegerus is.

LINKS: Die Bonsmaras op Friedland staan vinnig nader
wanneer die gekapte turksvylblaai algeheel word.

28

Landbouwerld, 8 Julie 2005

Die toekenning vir veeboer van die jaar is
gesamentlik aan mnre. Hasie Haasbroek
(naaslinks) van die Louwna-boereverenig-
ing en Kevin Smithers (regs) van die Mo-
rokane-boerevereniging toegeken. Saam
met hulle is mev. Elmine Haasbroek en
mnr. Abrie Niemann van Noordwes Fosfate.

Telerprofiel / Breeder profile / Mohaelisa profile

Oom Hasie Haasbroek



Bonsmara het werklik daarin geslaag om die kommersiële koeikudde in Suid Afrika rooi te verf sodat daar vandag letterlik nie 'n distrik is waar Bonsmaras nie voorkom nie en 60% van die kommersiële kudde vandag Bonsmaras is. Die res van die vleisbeeswêreld is besig om te volg as mens maar luister teen die pas wat getalle toeneem in die Suid Amerikas, Texas, Australië en Afrikalande. Hoe het Bonsmara dit reggekry? Ek dink dit is bereik omdat ons met integriteit konsekwent meet deur middel van prestasietoetsing en met die oog selekteer met behulp van ons unieke keuringstelsel waar ons ons rasstandaarde getrou toepas. Dan het ons ook nie stagneer nie, maar aanpassings gemaak waar dit nodig was en dit steeds doen. Rekenaars en ander elektronika maak rekordhouding vandag maklik veral as ek dink waar ons begin het met 'n triplikaatkalfboek wat per possak van ons af Bandelierskop toe gestuur is.

Ons keuringstelsel is voorwaar "telersvriendelik en doeltreffend". Vir my voel dit soos ligjare van vordering. So ook het ons konformasiegewys 'n baie mooier prenjie geskep terwyl ons diere steeds beantwoord aan hulle funksie van doelteffendheid met meer vleis op die regte plekke as 57 jaar gelede. Prestasie is dalk die gebied waar ons die beste gevorder het, veral as ons dit oor die totale kudde bereken, want my eerste beste kalwers het net-net 180 kg gehaal en vandag praat ons al in sommige kuddes van om en by 300 kg op speen. 'n GDT van 1.5kg was 'n baie goeie GDT in 'n groeitoets en vandag is 2kg nie snaaks nie terwyl ons koeie steeds voldoende melk het om vandag se kalwers in 'n topkondisie te speen. Grootte is ook waar ons dit wil hê: 'n mooi medium raam.

Bonsmarateling was vir my van dag een af 'n uitdaging en ek het ongelooflik baie genot daaruit geput. Die hele Bonsmarakultuur is 'n eerste in die wêreld en wat 'n voorreg om in so 'n span te kon saamwerk. Dit is voorwaar 'n unieke familie en ek wil die feit dat ons nie skou nie 'n groot aandeel gee aan ons samehorigheid en dissipline en die vertroue uitspreek dat dit so sal bly tot in lengte van dae.

Die ses jaar wat ek as Raadlid gedien het was 'n leerskool op sy eie en 'n unieke ervaring, want jy skuur daar skouers met die beste in die wêreld op veeteeltgebied. Wat 'n voorreg was dit nie!

Bonsmara se begin was gebaseer op wetenskaplike beginsels en so word sy vordering steeds daardeur bepaal. Dit is vir my 'n groot gerusstelling om te weet dat ons mense aan ons ras se stuur sorg dat ons op die voorpunt van veeteelt in die wêreld bly.

Soos die Genootskap gegroei het van amper twintig lede, toe ons aangesluit het, tot by die seshonderd, op 'n stadium, het ons besondere vriende gemaak met telers dwarsoor Suid Afrika wat meer werd is as wat geld ooit kan koop.

Ek sê vandag dankie aan elke medeteler, en daar is baie, by wie ek iets kon leer om saam te vat op my pad. Baie dankie aan Helmine wat my absoluut op elke gebied bygestaan het en steeds bystaan, al is dit nie meer met boerdery nie, maar bo alles sê ek dankie aan ons Hemelse Vader vir geleende tyd om steeds by Bonsmaras betrokke te kan wees.

Hasie Haasbroek



Oom Hasie op sy perd Vaaldam. Hy ry nog gereeld op ouderom 84.

Oom Hasie en Tannie Helmine - Baie geluk en BAIE DANKIE, van ons almal.

Veilings / Auctions / Auctions ea



ZINABOS BONSMARA

37^{ste} PRODUKSIEVEILING • 21 MEI 2025 @ 11:00

Plaas Hoogland, Fouriesburg

ZinaBos
Bonsmara

AANBOD:

- 23 BULLE (4 STOETVAARS)
- 55 VERSE GEREED VIR BUL
- 10 3-IN-1 KOEIE
- 10 KOEIE MET KALWERS
- 70 DRAGTIGE KOEIE

LOT 6
CEF210311





Fourie Scheepers **083 701 8382** • Esias Scheepers **083 469 4714**
Louis Scheepers **082 890 2231** • Johan Scholtz **083 452 9557**
Kredietfasiliteite deur OVK beskikbaar - terme en voorwaardes geld.



Beste Medetelers,
Qualitrio Bonsmara hou weer veiling op Donderdag 9 Mei 2024.

Ons poog om genoeg kwaliteit geregistreerde bulle op die veiling te plaas om elkeen van u se behoefte aan te spreek: Stoet sowel as kommersieel. Ook net kwaliteit vroulike diere wat aan ons toelatingsvereistes voldoen, word aangebied.
Ons eie, asook van ons gasverkopers.

Sien uit na u teenwoordigheid om ons veiling 'n sukses te maak en u 'n tevrede klient!

Groete,
Paul en Benjamin

Dear Co-breeders,
It is time for our Qualitrio Bonsmara auction on Thursday 9 May 2024.

We aim to provide quality registered bulls to fit every need: Stud as well as commercially.
Also quality female animals that adhere to our breeding standards will be available.
Our own, as well as from our guest sellers.

Looking forward to your presence to make our auction a success and you a satisfied client!

Regards,
Paul en Benjamin



PRODUKSIEVEILING:
9 MEI 2024
11:00, Vlakvlei, Viljoenskroon

40 SP BULLE
200 VROULIKE DIERE



www.paulmarebonsmaras.co.za

PARYS - SASOLBURG VEILING GPS: S26°51.025' E027°40.409'



Produksieveiling



VOORSPOED
BONSMARAS

22 MEI 2025, 11:00
Meyerskraal | Sasolburg

240 Uitstekende Bonsmaras!
20 SP Bulle van AG Bonsmara



JONATHAN VAN ASWEGEN



BONSMARA



MARTIN VAN BOMBERG



DIE BESTE BOD
THE BEST BID

IAN GROBBELAAR
060 965 6207

Veilings / Auctions / Auctions ea



7de Produksieveiling

19 Junie 2025 @ 11:00

Whitfield, Theunissen

AANBOD: 30 FASE C-GETOETSTE BULLE & 100 VROULIKE DIERE

VRY VAN MYOSTATIN MUTASIES



GRATIS AFLEWERING BINNE 'N RADIUS VAN 150 KM

AANLYNVEILING



IZAK CRONJE 083 627 8397 • GEORGE CRONJE 082 800 7983



POENA NFS22-025

Vrydag
6 JUNIE 2025
11:00 | Sernick Veilingskompleks,
Liebenbergstroom

700 BONSMARAS

- 60 Stoetbulle Fase c getoets
- 8 Poenas
- 16 Kuddevaars
- 120 Vroulike stoetdiere
- in pare van twee, een om van te kies
- 500 Vroulike kommersiële diere
- in alle produksie stadia



Nick Serfontein 082 554 7690	James jnr 063 777 2403	James Allen 082 370 7553	Patrick Sekwatlakwatla 060 965 5004
--	----------------------------------	------------------------------------	---

Veilings / Auctions / Auctions ea

Boshoff Bonsmaras - 25 Junie 2025

KORT JY 'N NUWE BUL VIR JOU KUDDE?

Jy weet hoe belangrik 'n sterk, geneties verbeterde bul is vir jou kudde se toekoms. Maar om 'n nuwe bul te koop, kan 'n groot kapitaLe uitleg wees.

Wat as jy jou huidige bul kon inruil en krediet kry vir 'n nuwe, topklas Boshoff Bonsmara-bul – sonder om jou sak leeg te maak?

Met ons Bulruil-program maak ons dit vir jou makliker en bekostigbaar om jou kudde te verbeter.

1 Ruil jou bul in, **2** ontvang 'n billike prys, en **3** gebruik daardie krediet om 'n nuwe bul of vroulike diere op Boshoff Bonsmaras se veiling op 25 Junie 2025 aan te koop.

Dis 'n slim, koste-effektiewe manier om jou kudde te versterk. Maak die regte besluit – ruil jou bul en bou aan 'n sterker kudde!

Dit is 'n Wen-wen situasie !



Crypt Notes from PJ Budler's Presentation

During the Annual General Meeting, PJ Budler provided some insights into his views on the cattle industry and cattle farming in general. Below are a few notes from his presentation.

Eight divisions of cattle management:

1. Herd management
2. Genetics
3. Nutrition
4. Marketing
5. Forage management
6. Human resources
7. Record keeping
8. Animal health

Profit traits

1. Adaptability
2. Functional efficiency
3. Fertility
4. Longevity

Turnover traits

1. Growth
2. Muscle
3. Milk
4. Marbling

Functional efficiency

1. Physiology
2. Endocrinology

Fertility = High Inherent Body Condition + Hormonal Balance

1. 5 x more important than growth.
2. High heritability.
3. Breed for fertility, not against infertility.
4. Too much growth can cause less fertility.

RFI - Residual Feed Intake

1. Good in feedlot
2. Poor performance on veld
3. More diseases
4. Less milk

Good cows:

1. Good nutrition
2. Feminine
3. Easy fleshing
4. Early maturing, full body
5. Calve at 27 - 36 months
6. Conceive within 45 - 90 days
7. Calve every year
8. 45% of cows weight by 7 months, every year for first 4 to 5 years of calving.
9. Avoid extremes.

Linebreeding

1. Highly strategised inbreeding.
2. Aim for the right traits with fertility as the most important criteria.
3. Up to 38% inbreeding is acceptable (**this one lifted a few eyebrows**).

